education

Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# ONTWERP

## RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGTAKE

## 2009

**Hierdie riglyne bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE (PAT's) VIR GRAAD 12**
**ONTWERP**

## 1. INLEIDING

Die 17 Nasionale Kurrikulumverklaring-vakke wat almal 'n praktiese komponent bevat, sluit 'n PAT, d.w.s 'n Praktiese Assesseringstaak, in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudie, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- MSW: Lewensoriëntering, Geskiedenis en Geografie
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika- en Ontwerp, Meganiese Tegnologie

Die PAT gee die onderwyser die geleentheid om direk en sistematies toegepaste vaardighede waar te neem. Die PAT bestaan uit die toepassing/uitvoer van die kennis, vaardighede en waardes eiesoortig aan die vak en tel 25% (d.i. 100 punte) van die totale promosie-/sertifiseringspunt uit 400 vir die vak. In die twee Kunsvakke, Ontwerp en Visuele Kunste, tel die PAT 37,5% (d.i. 150 punte) van die totale promosie-/sertifiserings- punt uit 400 vir die bepaalde vak.

Die PAT word gedurende die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer en moet onderneem word as een uitgebreide opdrag wat opgebreek word in verskillende fases of reekse kleiner aktiwiteite wat die PAT opmaak. Die beplanning en uitvoering van PAT verskil van vak tot vak.

## 2. VEREISTES: PAT-TAKE VIR ONTWERP

| | | |
|---|---|---|
| TERMYN 1/TAAK1:<br>**Geïntegreerde Praktiese Taak**<br>LU1 beplannings-/bronboek<br>25<br>LU 2 voltooide praktiese werk/produk 25 | TERMYN 2/TAAK 3:<br>**Geïntegreerde Praktiese Taak**<br>LU1 beplannings-/bronboek<br>25<br>LU 2 voltooide praktiese werk/produk<br>25 | TERMYN 3/TAAK 5:<br>**Geïntegreerde Praktiese Taak**<br>LU1 beplannings-/bronboek<br>25<br>LU 2 voltooide praktiese werk/produk<br>25 |

Die doel van die Ontwerp praktiese take is om te verseker dat leerders beide teorie en prakties op 'n geïntegreerde manier doen om sodoende die leerproses betekenisvol te kan maak.

Hierdie geïntegreerde take bied leerders die geleentheid om hulle praktiese, tegniese, teoretiese en navorsingsvaardighede in diepte te demonstreer, asook die vermoë om probleme op te los en bewys te lewer van vernuwende denke en insig.

## 3. BEPLANNING VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

**Enige LOOM kan gebruik word vir die beplanning van en voorbereiding vir LU 1 en LU 2.**

Voorbereiding en finale produk(te) moet bewyse lewer van die toepassing van kennis vanuit die teorie komponent(e). Dit beteken dat die onderwyser kreatiewe praktiese projekte moet opstel wat verband hou met die teorie gedoen in LU 3.
Voorbeeld: Ontwerp ‘n herhalingspatroon vir tekstiel wat die invloed van enige twee van die volgende Ontwerpbewegings / style toon: Kuns en Kunsvlyt ('Arts and Crafts'), Art Deco of Popkuns.
Jou Tema is: Ontwerpgeskiedenis met ‘n moderne inslag.

Onderwysers mag gebruik maak van die voorgestelde inhoudseleksie vir die Ontwerp Praktiese Projekte (LU 1 en LU 2). Sien LPR van Januarie 2007 bladsye 33/34 vir moontlike temas.

**Baie belangrik vir beplanning is die volgende inhoudsvereistes:**

| **KWARTAAL 1** |
|---|
| **Ontwerpgeletterdheid: LU 3**<br><br>Die volgende lys sal die onderwyser help om notas saam te stel:<br><br>Handboeke op die goedgekeurde DoE-katalogus<br>*Verkorte Geskiedenis van Ontwerp*: ( LOOM: The New Design Source book )<br>Die studie van die ‘Kuns- en Kunsvlyt’ ('Arts and Crafts')-beweging (Geskiktheid vir doel) vanaf 1850-1900<br>Die studie van ‘Art Nouveau’ (Die vloeibare lyn) vanaf 1980-1905<br>Die studie van 'Die Bauhaus' (Die estetika van masjien – ontwerp vir industrie) vanaf 1900-1930<br>Die studie van die ‘Art Deco’-beweging (Populêre modernisme) vanaf 1925-1939<br>Die studie van die 'Modernistiese' eeu (‘Modernist age’)(Verbruiker en styl – eeu van vaartbelyning) vanaf 1935-1955<br>Die studie van die 'Pop/Nuwe' era (Modernisme word pop – era van oorvloed) vanaf 1955-1975<br>Die studie van 'Post Modernisme' (Huidige styl – Minder is vervelig / “Less is a bore”) vanaf 1965 tot vandag<br><br>**AS:** Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van die produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra, wat stereotipes, partydighede en vooroordele, uit die verlede of die hede, versterk of uitdaag.<br>**AS**: Vorm waardeoordele wat deur ‘n duidelike begrip van ontwerp ingelig word.<br>**AS:** Analiseer, interpreteer en reflekteer krities oor voorbeelde en bring hulle in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.<br><br>**Evaluering van Ontwerp: LU 3**<br>Die leerders moet geleer word hoe om ontwerpe/werke (nie ontwerpers nie) te evalueer in terme van die aanwending van die beginsels en elemente van Ontwerp. Dit sal gebaseer word op verpligte werke, bestaande uit twee nie-Suid-Afrikaanse Ontwerpers en twee Suid-Afrikaanse Ontwerpers wat in die Graad 10 en 11 Ontwerp-kurrikulum ingesluit was of enige twee nuwe ontwerpers. |

Kopiereg voorbehou 

**AS**: Verstaan Ontwerpteorie en gebruik Ontwerpterminologie korrek (LOOM: Design Basics)

- Terminologie: ‘n Woordeskatlys van terminologie van toepassing op Ontwerp.
- Universele beginsels van Ontwerp om bruikbaarheid te bevorder, indrukke te beïnvloed, aantreklikheid te verhoog, beter ontwerpbesluite te neem en deur Ontwerp te onderrig. Kies enige VYF Universele beginsels van Ontwerp**.**

**KWARTAAL 2**

**Ontwerp in 'n Sosiale/Omgewingskonteks: LU 3**

**AS:** Demonstreer ‘n begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te beklemtoon of te bevraagteken.

Enige SOSIALE KWESSIE rakende die Suid-Afrikaanse Visuele Kultuur:

Kies slegs EEN
LOOM:“South African Visual Culture”

- Inligtingsontwerp / Advertensiewese: Reklame-dilemmas in die hedendaagse Suid-Afrika
- Argitektuur: ‘n Inkopiesentrum as visuele kultuur
- Mode: Mode en die vroulike soldaat in Suid-Afrika
- Publikasie: Samestelling van Vroulikheidsartikels in die Huisgenoot
- Tegnologie/Industriële Ontwerp: Die politiek van interaksie tussen mens en tegnologie
- Tegnologie/Industriële Ontwerp: Digitale media en sub-kulturele uitdrukking
- Musiek: Herformulering van die jeug se identiteit in ‘n hedendaagse Suid-Afrika
- Fotografie: Tussen objektiwiteit en subjektiwiteit: ‘n begrip van fotografie
- Filmstudie: Die rolprent as visuele kultuur.

**AS**: Demonstreer ‘n begrip van die ontwerper se verantwoordelikheid in verband met omgewingskwessies en volhoubare ontwerp.

**Twee** Kontemporêre nie-Suid-Afrikaanse ontwerpers wat al toekennings ontvang het – elk vanuit ‘n ander Ontwerpkategorie: Dit mag enige **twee** van die volgende wees of enige voorbeeld vanuit die LOOM: *Design Culture Now* OF *Inspiring -a - sourcebook- designers*:

Die volgende is voorbeelde van die voorgestelde ontwerpkategorieë:

Industriële Ontwerp: Ron Arad
Argitektuur: Thomas Heatherwick.
Interieurontwerp / Binnenshuise Ontwerp: Tokujin Yoshioka.

| KWARTAAL 3 |
| --- |
| **Ontwerp in 'n Besigheidskonteks LU 3**<br>**AS:** Demonstreer ‘n basiese begrip van die bemarking van ontwerpprodukte ten opsigte van teikenmark, verpakking en advertensie.<br><br>Hoe om ‘n Ontwerpbesigheid te bestuur:<br>• Hoe om advertensies te skep wat verkoop<br>• Werksgeleenthede in die advertensiewese/ontwerp<br>• Hoe om aansoek te doen vir ‘n werk<br>• Hoe om ‘n advertensie-agentskap/ontwerpbesigheid te bestuur<br>• Hoe om kliënte te kry/hoe om te adverteer<br>• Noodsaaklikheid van navorsing<br>• Bemarking en advertering van jou produk<br><br>**AS:** Demonstreer ‘n begrip van verantwoordelike ontwerp deur menseregte en omgewingskwessies deur die hele proses in aanmerking te neem.<br><br>Enige **EEN** kontemporêre Suid-Afrikaanse Ontwerp-agentskap/Kreatiewe direkteur:<br>(Gebruik ontwerptydskrif voorbeeld: Financial Mail ADFOCUS )<br>Kan enige van die volgende wees:<br>Agentskap van die jaar<br>Media-agentskap van die jaar<br>Agentskapsprofiel<br><br>**AS:** Verken loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline.<br>Versamel en bied navorsing aan wat bewys lewer van samehorige beplanning en verwysingsvaardighede ten opsigte van loopbane in Ontwerp. |

## 4. HULPBRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAKE

Die volgende hulpbronne, toerusting en fasiliteite word benodig vir die implementering van die PAT:

- Bronboek of werkboek A3-grootte (alle voorbereiding en beplanning sal in hierdie boek gedoen word)
- Die 2008 LPR en VAR vir die vak
    - LOOM waarna verwys is in die LPG of die NSS se voorgestelde handboeklys
- Toerusting:
    - Al die nodige toerusting of instrumente benodig vir die praktiese werk gekies deur die skool
    - Relevante boeke oor die gebruik van toerusting en tegnieke in ontwerp
    - Kamera om foto’s te neem van werk in wording, asook die finale produk
    - Sekuriteitsisteem en toesluit-hekke
- Fasiliteite:
    - Groot klaskamer
    - Die nodige gereedskap en toerusting
    - Stoorkamer vir praktiese werk

**'n Bronboek of Werkboek (A3-grootte)**
Dit moet ontwikkel word om bewyse te lewer van die voorbereidingswerk wat onderneem is voor die produksie of maak van 'n produk. **Leerlinge moet een A3 of twee A4 tonale waarde sketse per kwartaal voltooi. Dit moet n volle komposisie/skets wees**.
Hierdie oorbereidingswerk kan beplanning, voorlopige sketse, navorsing of enige ander geskrewe take insluit wat benodig word voor die produk gemaak kan word. Leerders moet deur middel van sketse en beelde met aantekeninge al hulle beplanning en voorbereidingswerk vir elke praktiese /uitgevoerde taak wys.

**Assesseringsvereistes vir LU 1 en LU 2**

Elke PAT moet 'n assesseringsblad met die volgende inligting bevat:
Die assesseringsvorm (ontwerp deur die onderwyser) moet breedvoerig wees, op so 'n wyse dat die onderwyser/moderator die volgende moet weet:

Kandidaat se naam, van, eksamennommer, eksamensentrum, en naam van die skool.
Die tema en tydstoedeling om die produk te voltooi.
Die projekinligting, wat die volgende behels:

- Hoeveelheid beplanning: Onderwyser-aktiwiteite, leerder-aktiwiteite
- Assesseringstandaarde wat gedek sal word
- Materiaal
- Grootte
- Tegniek/Metode/ Proses/Ontwikkeling
- Bronne gebruik (LOOM)
- Wie is verantwoordelik vir assessering
- 'n Rubriek met duidelike assesseringskriteria, asook die evalueringskaal
- Indien 'n kontrolelys gebruik word, moet dit kommentaar van die onderwyser en leerder bevat
- Die handtekening van die onderwyser en die moderator moet langs die finale punt/summatiewe persentasie verskyn
- Kontakbesonderhede van die skool en die onderwyser, asook die moderator, telefoon- en faksnommers

**Die onderwyser behoort die volgende bronmateriaal in die klaskamer te hê:**

LOOM: (afhangende van verkrygbaarheid)

NSS se voorgestelde handboeke vir ontwerp op die nasionale handboeklys:
The New Design Source book (Penny Sparke et. el.)
Craft Art in South Africa (Elbe Coetsee)
Design Culture Now (Steven Skov Holt)
South African Visual Culture (Jeanne van Eeden)
Design Basics (David A Lauer)
Ogilvy on advertising (David Ogilvy)
Woolworths Bronboek
Enige Ontwerptydskrif: Financial Mail; ADFOCUS
Artikels en fotos vanaf Internet webblaaie
*Inspiring- a- sourcebook – designers* (Paul Rodgers )

## 5. ASSESSERINGSINSTRUMENTE

| Die volgende is 'n moontlike assesseringsinstrument / evalueringskaal vir die assessering van òf die bronboek / voorbereiding / proses (LU 1) òf die finale produk (LU2) . | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ontoereikend 0-29 %** | **Basies 30 – 39 %** | **Matig 40 – 49 %** | **Voldoende 50 – 59 %** | **Beduidend 60-69%** | **Verdienstelik 70 – 79 %** | **Uitmuntend 80 – 100%** |
| Die leerder **kan nie** akkuraat **aanteken nie**, of die geskikte woordeskat / tekening / belanning doen nie | Die leerder se aan**teke-ning** en gebruik van taal / tekening / beplanning is **onvolledig** | Die leerder se aan**teke-ning** is **voldoende** maar met beperkte begrip van kreatiewe taal / tekening / beplan-nings-vaardighede | Die leerder se vermoë om aan te **teken** is **bevredi-gend**, en begrip van kreatiewe taal / tekening / beplan-nings-vaardighede is konsekwent | Die leerder toon 'n vermoë om **akkuraat aan** te **teken** en gebruik sekere kreatiewe taal / tekening / beplannings-vaardighede op akkurate wyse. | Die leerder **teken goed aan** en gebruik die kreatiewe taal / tekening / beplannings-vaardighede konsekwent en korrek. | Die leerder **teken met volledige akkuraatheid aan** en het die gebruik van kreatiewe taal / tekening / beplanning bemeester. |
| Die leerder **toon geen begrip** van die relevante ontwerp-prosesse **nie**, en kan nie oor eie vlak van ontwikkeling reflekteer nie | Die leerder **verstaan** die ontwerp-prosesse slegs **gedeeltelik**, en refleksie oor eie vlak van ontwikkeling is onvoldoen-de | Die leerder het 'n **beperkte begrip** van die ontwerp-prosesse, en is redelik met reflektering oor eie vlak van ontwikkeling | Die leerder het 'n **bevredi-gende begrip** van die ontwerp-prosesse en kan soms reflekteer oor eie vlak van ontwikkeling | Die leerder het 'n **redelike begrip** van die ontwerp-prosesse en kan gepas reflekteer oor eie vlak van ontwikkeling | Die leerder het 'n **goeie begrip** van die ontwerp-prosesse en kan akkuraat reflekteer oor eie vlak van ontwikkeling | Die leerder het 'n **uitstekende en volledige begrip** van die ontwerp-prosesse en het uitsonderlike insig in eie vlak van ontwikkeling |
| Die leerder **kan nie beskryf** hoe om vaardighede aan te wend vir eie verdere ontwikkeling **nie** | Die leerder **kan** slegs **gedeeltelik** vaardighede en materiale aanwend vir eie verdere ontwikkeling | Die leerder **kan, binne perke**, aangeleerde vaardighede en materiale aanwend vir eie verdere ontwikkeling | Die leerder **kan bevredi-gend** aangeleerde vaardighede en materiale aanwend vir eie verdere ontwikkeling | Die leerder toon **vermoë om** aangeleerde vaardighede en materiale **aan te wend** vir eie verdere ontwikkeling | Die leerder **kan** aangeleerde vaardighede en materiale **goed aanwend** vir eie verdere ontwikkeling | Die leerder **toon diep insig** in die aanwending van aangeleerde vaardighede en materiale vir eie verdere ontwikkeling |

**Hoe word die punte toegeken?**
**Gebruik die volgende as 'n voorbeeld:**
Die onderwyser gebruik die analitiese rubriek hierbo en plaas die leerder in die geskikte kategorie volgens die verwagtinge van die rubriek se assesseringkriteria.
Leerder A is geplaas in die voldoende kolom 50%-59%.
Die onderwyser het dan die volgende besluit om te neem;
Is dit 'n lae 50 of 'n hoë 50? Wanneer die boek 'n hoë 50 is, kan die punt 58% wees
Let daarop dat die bronboek elke kwartaal gemerk word uit 'n punt van 25.

Dus gee die voorbeeld van summatiewe puntetoekenning aan leerder A 'n 58%, wat 29/50 is, dit wil sê: **14.5 uit 25**.
Die onderwyser sal dan die punt daarvolgens opteken.

| **Vasgestelde kriteria** | **Ontoereikend 0-29 %** | **Basies 30 – 39 %** | **Matig 40 – 49 %** | **Voldoende 50 – 59 %** | **Beduidend 60-69%** | **Verdienstelik 70 – 79 %** | **Uitmuntend 80 – 100%** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ontwerp-elemente: toonwaardes, kleur, vorm, tekstuur, stippel/lyn.** **20** | Die leerder **kan nie die ontwerp-elemente bevoegd gebruik nie** | Die leerder **gebruik die ontwerp-elemente gedeeltelik** | Die leerder **het 'n beperkte begrip van die ontwerp-elemente** | Die leerder **het 'n bevredigende begrip van die ontwerp-elemente** | Die leerder **het 'n redelike begrip van die ontwerp-elemente** | Die leerder **het die ontwerp-elemente met goeie bevoegdheid gebruik en het goeie begrip daarvan** | Die leerder **het die ontwerp-elemente met algehele bevoegdheid gebruik** |
| **Ontwerp-beginsels Komposisie: beklemtoning / fokuspunt, balans, kontras, eenheid/ afwisseling, proporsie/ skaal, ritme, ruimte** **20** | Die leerder **kan nie die ontwerp-beginsels bevoegd gebruik nie** | Die leerder **gebruik die ontwerp-beginsels gedeeltelik** | Die leerder **het 'n beperkte begrip van die ontwerp-beginsels** | Die leerder **het 'n bevredigende begrip van die ontwerp-beginsels** | Die leerder **het 'n redelike begrip van die ontwerp-beginsels** | Die leerder **het die ontwerp-beginsels met goeie bevoegd-heid en begrip gebruik** | Die leerder **het die ontwerp-beginsels met algehele bevoegd-heid gebruik** |
| **Interpretasie kreatiwiteit, oorspronklikheid, konseptualisering, tema** **20** | Die leerder **toon geen begrip** van die tema **nie** | Die leerder **verstaan** die tema slegs **gedeeltelik** | Die leerder het 'n **beperkte begrip** van die tema | Die leerder het 'n **bevredigende begrip** van die tema | Die leerder het 'n **redelike begrip** van die tema | Die leerder het 'n **goeie begrip** van die tema | Die leerder het **uitstekende en / of algehele begrip** van die tema |
| **Gebruik van tegniek en media** **20** | Die leerder kan die media slegs **gedeeltelik** aanwend | Die leerder **kan, binne perke**, die media aanwend | Die leerder **kan** die media **bevredigend** aanwend | Die leerder het **vermoë** om die media aan te wend | Die leerder **kan** slegs **gedeeltelik** die media aanwend | Die leerder **kan** die media **goed** aanwend | Die leerder **toon diep insig** in die aanwending van die media |
| **Aanbieding en professionalisme en funksionaliteit** **20** | Die leerder **toon geen begrip** van professionalisme en funksionaliteit **nie** | Die leerder **verstaan** professionalisme en funksionaliteit slegs **gedeeltelik** | Die leerder het 'n **beperkte begrip** van professionalisme en funksionaliteit | Die leerder het 'n **bevredigende begrip** van professionalisme en funksionaliteit | Die leerder het 'n **redelike begrip** van professionalisme en funksionaliteit. | Die leerder het 'n **goeie begrip** van professionalisme en funksionaliteit | Die leerder het **uitstekende en / of algehele begrip** van professionalisme en funksionaliteit |

| | |
|---|---|
| PERSENTASIE | |

## 6. AANTEKENING EN VERSLAGGEWING

**Elke provinsie sal die voorbeeld volg wat die beste werk. Dit is 'n voorbeeld van 'n assesseringsinstrument vir die voorbereiding/proses (LU 1) en 'n voltooide produk (LU 2):**

| Assesse-ringskriteria | 0-29 Ontoereikend | 30-39 Basies | 40-49 Matig | 50-59 Voldoende | 60-69 Beduidend | 70-79 Verdienstelik | 80-100 Uitmuntend | Totale persentasie | Kommentaar Onderwyser / Leerder |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Funksionaliteit betrokkenheid en tydsduur | | | | | | X | | 75 | |
| 2. Kreatiwiteit / Oorspronklikheid | | | | X | | | | 55 | |
| 3. Tegniek / Medium | | | | | | X | | 75 | |
| 4. Gebruik van ontwerp -elemente | | | | | X | | | 65 | |
| 5. Gebruik van ontwerp-beginsels | | | | | | X | | 75 | |

**TOTAAL: 69%**

**Dit beteken ook 35 uit 50 of 17 uit 25.**

## Die volgende is 'n moontlike assesseringsinstrument / evalueringskaal om die bronboek / voorbereiding / proses (LU 1) of die finale produk (LU2) te assesseer of teoretiese navorsing LO3:

### ONTWERP : ASSESSERINGSTRATEGIE / -PLAN VIR GRAAD 12

| **Leeruitkoms 1** **(Werkboek)** | **Leeruitkoms 2** **(Praktiese Projek)** | **Leeruitkoms 3** **(Ontwerpteorie)** |
|---|---|---|
| **Die Ontwerpproses**<br>*Die leerder is in staat om die ontwerpproses van konseptualisering tot realisering te verstaan* | **Ontwerpproduksie**<br>*Die leerder is in staat om 'n hoeveelheid werk in die gekose dissipline(s) wat 'n begrip van ontwerpvaardighede en produksieprosesse toon, te produseer en aan te bied* | **Ontwerp in Konteks**<br>*Die leerder is in staat om ontwerpgeletterdheid te demonstreer en om ontwerp in kulturele, omgewings- en besigheidskontekste, beide histories en in kontemporêre praktyk, te verstaan* |
| **Assesseringstandaarde**<br>Ons weet dit wanneer die leerder in staat is om:<br><br>***Ontwerpproses***<br><br>Demonstreer 'n grondige begrip van die onderling verwante aard van die siklus van beplanning, aksie en refleksie wat die ontwerpproses omvat / beskryf:<br><br>* identifiseer 'n behoefte, probleem of geleentheid of werk van opdrag;<br>* skeduleer die ontwerpproses;<br>* ondersoek die konteks van 'n ontwerpprobleem;<br>* versamel, analiseer, organiseer, interpreteer relevante inligting om die ontwerpproses te lei en verleen erkenning daaraan;<br>* ondersoek verskillende benaderings en genereer idees om probleme kreatief, innoverend of intuïtief met behulp van 'n verskeidenheid metodes op te los;<br>* ondersoek die gebruik van toepaslike materiale en produksietegnieke en produseer monsters, prototipes of makette/modelle;<br>* evalueer gegenereerde idees, stel verbeteringe voor en kies die beste oplossing;<br>* beplan die produksieproses;<br>* produseer 'n produk, diens, sisteem of omgewing;<br>* reflekteer oor die proses en die eindresultate;<br>* bied aan en evalueer die produk, diens, sisteem of omgewing | **Assesseringstandaarde**<br>Ons weet dit wanneer die leerder in staat is om:<br><br>***Tydsbestuur***<br><br>Demonstreer die volgende vermoëns in die ontwerpproses:<br><br>* om selfgedissiplineerd te wees;<br>* om eie werk te kan beplan, te organiseer en te bestuur;<br>* om by tydskedules te hou;<br>* om tot die taak verbind te wees;<br>* om verantwoordelikheid vir eie handelinge te aanvaar;<br>* om inisiatief te demonstreer<br><br>***Veilige Praktyk***<br><br>Wend te alle tye veilige praktyke in die gebruik van materiaal en toerusting aan.<br><br>Verstaan die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiale verband hou. | **Assesseringstandaarde**<br>Ons weet dit wanneer die leerder in staat is om:<br><br>***Ontwerpgeletterdheid***<br><br>Vorm waarde-oordele wat gebaseer word op 'n duidelike begrip van ontwerp<br><br>Verstaan ontwerpteorie en ontwerpterminologie korrek.<br><br>Bespreek, verduidelik en demonstreer die konteks en doel van die produkte, beelde, tekens en simbole wat in ontwerp gebruik word om openlike en verborge boodskappe oor te dra, wat stereotipes, partydighede en vooroordele, uit die verlede of die hede, versterk of uitdaag.<br><br>Ondersoek, reflekteer oor en interpreteer inligting van 'n verskeidenheid bronne wat invloede van oor die wêreld toon en wat die ontwikkeling van ontwerp gevorm het.<br><br>Analiseer, interpreteer en reflekteer krities oor voorbeelde en bring hulle in verband met hul kulturele, historiese en kontemporêre kontekste.<br><br>Stel 'n navorsingstaak saam, wat bewyse van deeglike en samehangende beplanning en verwysingsvaardighede toon en bied dit aan. |

| Faktore wat 'n invloed het | Ontwerpproduksie | Ontwerp in 'n Sosiale / Omgewingskonteks |
|---|---|---|
| Vertoon kennis van en waardering vir verantwoordelike ontwerp deur menseregte-aangeleenthede soos die volgende deur die hele proses in aanmerking te neem:<br>* plaaslike kultuur;<br>* gesondheid- en veiligheidsaangeleenthede met spesifieke verwysing na MIV/VIGS;<br>* toegang en inklusiwiteit: gebruik van materiale wat vir almal veilig en toeganklik is;<br>* omgewingskwessies;<br>* geslag en vooroordeling: gebruik van materiale en prosesse sonder stereotipering<br>* etiese en intellektuele eiendom.<br><br>Vertoon kennis van en waardering vir die estetiese en funksionaliteit deur die hele ontwerpproses. | Verskaf en toon bewyse van die ontwerpproses.<br><br>Teken op verskillende maniere om beelde waar te neem en te skep en konsepte uit te druk.<br><br>Gebruik collage, konstruksies, digitale tegnieke, modelle, breinkaarte en ander vorms van visualisering.<br><br>Demonstreer 'n bewustheid van die verskillende materiale en produksieprosesse van relevansie vir die gekose dissipline(s).<br><br>Eksperimenteer met 'n verskeidenheid van materiale, metodes, toerusting en tegnieke, òf individueel òf gesamentlik, wat in die ontwerpproses gebruik kan word.<br><br>Demonstreer vaardighede in gekose materiale en tegnieke om ontwerpoplossings te skep. Skep en kommunikeer 'n ontwerpoplossing effektief.<br><br>Interpreteer, gebruik en verduidelik die keuse van ontwerpelemente, -beginsels, in die finale produk, diens of omgewing. | Demonstreer 'n begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale, kulturele, omgewings- en etiese kwessies te beklemtoon of te bevraagteken.<br><br>Demonstreer 'n begrip van die ontwerper se verantwoordelikheid in verband met omgewingskwessies en volhoubare ontwerp.<br><br>***Ontwerp in 'n Besigheidskonteks***<br><br>Demonstreer 'n basiese begrip van die bemarking van ontwerpprodukte ten opsigte van teikenmark, verpakking en advertensie.<br><br>Demonstreer 'n begrip van verantwoordbare ontwerp deur menseregte en omgewingskwessies deur die hele proses in aanmerking te neem.<br><br>Verken loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline. |

## 7. MODERERING VAN DIE FINALE PRAKTIESE EKSAMEN

Gedurende Kwartale 1, 2 en 3 sal Groep/klustermoderering (cluster') plaasvind. Dit beteken dat geselekteerde skoolgroepe betrokke sal wees by die groepmoderering van die geassesseerde werk. Hierdie aktiwiteit sal die assessering van leerders se werk standaardiseer en ook rigting gee aan die nuwe of onervare onderwyser.

**ALGEMEEN:**
**Die PATe vir die eerste drie kwartale sal deur die onderwyser van die vak opgestel word volgens dit wat deur die Nasionale Departement in die VAR en LPR voorgetel is.**
**Dit sal ekstern gemodereer word aan die einde van die jaar, saam met die finale eksamenwerk. Interne moderering sal in al die provinsies plaasvind. Skole of provinsies moet hul eie groep/klustervergaderings reël om die praktiese werk te modereer.**
**Skole sal deur die provinsies in kennis gestel word van die datum, tyd en plek vir die eksterne moderering van die PATe en eksamenwerk.**

**Die finale Graad 12 praktiese eksamen sal die voorbeeld, soos uiteengesit in die tabel hieronder, volg:**

| | Wes-Kaap | Oos-Kaap | Noord-Kaap | Kwa-Zulu-Natal | Gauteng | Vrystaat | Noord-Wes | Limpopo | Mpumalanga |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Nasionale Eksterne Moderator | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Nasionale Interne Moderator | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Provinsiale Interne Moderator | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Provinsiale Eksaminatore | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 |
| Onderwyser(s) verantwoordelik vir die leerder(s) | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 | 1 of 2 |

Voor die aanvang van die finale praktiese eksamen, sal nasionale verteenwoordigers vir elke vak al die provinsiale eksaminatore ontmoet om hulle te oriënteer ten opsigte van eksamenkwessies.

Elke lid van die nasionale praktiese eksamen modereringspan sal een week in drie verskillende provinsies deurbring. Die provinsiale interne moderator sal ook die sentrums of plekke besoek om die eksamenproses se gehalte te verseker. Die eksaminatore sal deur hul eie provinsies gekies word.

Die nasienspan sal uit die volgende bestaan:
Eksterne moderator, interne moderator, hoofeksaminator en twee eksaminatore.
Die finale punt vir die kandidaat sal deur die interne en / of eksterne moderator bepaal word.

**LW**: Die maksimum tydsduur vir die ganse praktiese eksamenproses is 6 (ses) weke.

Provinsies sal al die reëlings tref nadat hulle die finale eksamenrooster van die nasionale Departement van Onderwys ontvang het. Dit behels die kommunikasie met onderwysers, die plekke, die eksaminatore en enigiets anders wat benodig mag word vir die bestuur van die praktiese eksamen vir Graad 12.

**PAT's VIR ONTWERP; VIR DIE LEERDER**

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE VIR ONTWERP GRAAD 12

Die volgende tabel dui die drie praktiese assesseringstake aan wat die leerder moet voltooi gedurende elke kwartaal. Die finale Okt/Nov eksamen is die eksterne eksamen wat gedoen word gedurende kwartaal vier.

| | | |
|---|---|---|
| TERMYN 1/TAAK1:<br>**Geïntegreerde Praktiese Taak**<br>LU1 beplannings-/bronboek<br>25<br>LU 2 voltooide praktiese werk/produk 25 | TERMYN 2/TAAK 3:<br>**Geïntegreerde Praktiese Taak**<br>LU1 beplannings-/bronboek<br>25<br>LU 2 voltooide praktiese werk/produk<br>25 | TERMYN 3/TAAK 5:<br>**Geïntegreerde Praktiese Taak**<br>LU1 beplannings-/bronboek<br>25<br>LU 2 voltooide praktiese werk/produk<br>25 |

Praktiese Take:
‘n Geskrewe werkstuk, gegrond op die inhoud gevind in bogenoemde boeke, sal gegee word.

Die praktiese werk moet van so ‘n aard wees dat die leerders kan deelneem aan die evaluering van die Ontwerpwerke gedoen deur ander leerders in die klas. Die onderwyser sal modereer en die finale assesseringspunt gee.

Verdere of addisionele inligting kan in enige van die volgende bronne gevind word:
Die studie van die ‘Kuns- en Kunsvlyt’ ('Arts and Crafts')-beweging (Geskiktheid vir doel) vanaf 1850-1900
Die studie van ‘Art Nouveau’ (Die vloeibare lyn) vanaf 1980-1905
Die studie van 'Bauhaus' (Die estetika van masjien – ontwerp vir industrie) vanaf 1900-1930
Die studie van die Art Deco-beweging / styl (Populêre modernisme) vanaf 1925-1939
Die studie van die 'Modernistiese' eeu (‘Modernist age’) (Verbruikers en styl – die eeu van vaartbelyning) vanaf 1935-1955
Die studie van die 'Pop/Nuwe' era (Modernisme word pop – era van oorvloed) vanaf 1955-1975
Die studie van 'Post Modernisme' (Huidige styl – Minder is vervelig / “Less is a bore”) vanaf 1965 tot vandag

Evaluering van Ontwerp: Die leerders moet geleer word om ontwerpe/werke (nie ontwerpers nie) te evalueer in terme van die toepassing van die beginsels en elemente van Ontwerp. Vir Kwartaal 1 moet die volgende bestudeer word vanuit die LOOM vir LU 3 (Teorie):

- Terminologie: ‘n Woordeskatlys van terminologie van toepassing op Ontwerp.
- Vyf Universele beginsels van Ontwerp om nuttigheid te bevorder, persepsies te beïnvloed, aantreklikheid te verhoog, beter ontwerpbesluite te neem en deur Ontwerp te onderrig.

Kopiereg voorbehou 

| |
|---|
| Praktiese Take:<br>Twee take behoort gedoen te word: EEN vir LU 1 en EEN vir LU 2<br>Die praktiese werk mag enige teoriekennis reflekteer.(Sien LPR vir ander moontlke praktiese temas) |

| |
|---|
| Termyn 2:<br><br>Praktiese Take:<br>Twee take behoort gedoen te word: EEN vir LU 1 en EEN vir LU 2<br>Die geskrewe werk sal oor Ontwerp in 'n Sosiale/Omgewingskonteks handel.<br><br>Die praktiese werk mag enige teoriekennis reflekteer.( sien LPR vir ander moontlke praktiese temas) |

| |
|---|
| Vir Kwartaal 3 moet jy die volgende LOOM vir LU 3 (TEORIE) raadpleeg:<br>NSS se voorgestelde handboek vir ontwerp wat op die nasionale handboeklys verskyn:<br>Ogilvy on advertising<br>Enige Ontwerptydskrif: Financial Mail ADFOCUS<br><br>Praktiese Take:<br>Twee take behoort gedoen te word: EEN vir LU 1 en EEN vir LU 2<br>Die praktiese werk mag enige teoriekennis reflekteer.( sien LPR vir ander moontlke praktiese temas) |

Belangrike inligting vir die leerder aangaande assesseringsinstrumente deur die onderwyser gebruik.

Leerders behoort altyd bewus te wees van die assesseringskriteria vir elke taak. Dit stel die leerder in staat om te doen presies wat verlang word.

Wanneer daar aan die bronboek of werkboek gewerk word, moet die leerder aandag aan die volgende kriteria gee:

| |
|---|
| 1. OM AKKURAAT AAN TE TEKEN, DIE KORREKTE VAKTERMINOLOGIE TE GEBRUIK EN BEPLANNINGSVAARDIGHEDE TE TOON. |
| 2. OM BEGRIP TE TOON VIR DIE ONTWERPPROSES EN OM SELF TE REFLEKTEER OOR EIE VORDERING. |
| 3. DEMONSTREER VERMOË OM DIE AANGELEERDE VAARDIGHEDE EN MATERIAAL IN DIE BRONBOEK EN FINALE PRAKTIESE VOORBEREIDING TOE TE PAS. |

Wanneer 'n produk of praktiese taak voltooi is, sal die leerder oor die volgende aspekte geassesseer word: (neem kennis van die gewig en puntetoekenning)

| |
|---|
| **Aanbieding en professionalisme, funksionaliteit betrokkenheid en tydsbesteding 20**<br>**Interpretasie, oorspronklikheid, kreatiwiteit, konseptualisering, tema 20**<br>**Gebruik van tegniek en media 20**<br>**Ontwerpelemente:Toonwaardes, kleur, vorm, tekstuur, stippel/lyn 20**<br>**Ontwerpbeginsels/Komposisie:Klem/Dominansie/Fokale punt, balans, kontras, eenheid/afwisseling, proporsie/skaal, ritme/beweging, ruimte 20** |

Hieronder is 'n verkorte lys van bogenoemde assesseringskriteria wat onderwysers kan gebruik vir die assessering van 'n voltooide produk.

| |
|---|
| **1. Funksionaliteit en professionele aanbieding, betrokkenheid en tydsbesteding** |
| **2. Kreatiwiteit, oorspronklikheid** |
| **3. Tegniek, metode** |
| **4. Gebruik van Ontwerpelemente** |
| **5. Gebruik van Ontwerpbeginsels** |

Ten slotte aan al die leerders wat die vak Ontwerp neem:

- Wees kreatief, geniet wat jy doen en gebruik die regte instrumente, toerusting of metode/tegnieke wanneer jy skep.
- Tyd is ‘n faktor wanneer jy die praktiese werk doen, moet dit dus nie mors nie, anders sal jy onvoltooide werk moet inlewer.
- Die teorie- en geskiedeniskomponent is baie belangrik, leer dus om goed te kommunikeer of om goeie estetiese en funksionele ontwerpprodukte te verkoop.
- Kies die praktiese deel wat jy die meeste geniet.

Kopiereg voorbehou